# 23 Junie 2023 - Lesing 56 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die versterking van die wil deur JaHshua Messias – Die beoordeling van die wil – 6/2/58

**NO: 7035** Die wil volstaan waar die daad nie uitgevoer kan word nie.

**Want julle mense word volgens julle wil beoordeel**, hoe dit gerig is.

Maar dit sal julle nie vrystel van die uitvoering, van die werksaam word van die wil, wanneer dit moontlik is nie. Want net woorde alleen is nie voldoende nie. Die wil moet ernstig wees. En 'n ernstige wil doen ook alles wat binne die vermoë van die mens lê. Maar dat julle ook krag gegee sal word sodra Ek julle ernstige wil sien, is vanselfsprekend, omdat Ek julle nie andersins tot verantwoording kan roep vir versuim wanneer julle kon gehandel het nie. **Maar julle het beslis hulp nodig om vat te kry aan die opregte wil**.

Slegs die vrye wilsbeslissing is die sin van julle bestaan op aarde. Dit sal egter nouliks deur julle as korrek verstaan word, indien hierdie wil nie **’n versterking sou ontvang deur JaHshua Messias nie.** Weliswaar is elke mens in staat om sy wil op My te rig, maar hy kan weer in 'n swak wil verval en daarom ook die uitvoering van sy wil dikwels agterweë laat. Maar die ommekeer van sy wil na My maak dit vir My moontlik om hom na die bron van genade van die Verlossingswerk te lei. Hy maak dit vir My moontlik om hom ook van krag te voorsien en op hom in te werk deur My Gees, sodat hy aangespoor kan word om werke van liefde te verrig.

En so kan hy die toevoer van krag alreeds ondervind, indien hy hierdie **innerlike aandrang** opvolg. Maar die hulp van JaHshua Messias maak die sekere geestelike vooruitgang eers moontlik, andersins sou die wil weer verlam word deur die aanvegtings van My teenstander, wat nog steeds mag het oor die mens, omdat hy nog nie vry is van sy sondeskuld nie. Desondanks heg Ek veel waarde aan ’n wil wat na My toegekeer is en Ek rus nie voordat hierdie mens die weg na die kruis geneem het nie.

Want Ek het waarlik genoeg middele om dit te bereik, wanneer die mens maar eenmaal die gedagte aan My in homself werksaam laat word. En Ek het ook die reg om met My teenstander vir die mens te stry. Maar wend die mens homself nou bewustelik tot JaHshua Messias, dan kan sy wil nie meer so maklik verswak word nie. Dan streef hy bewustelik die doel na en dan sal hy **ook steeds op sy wil die daad laat volg** en dus hoër opklim en sal die siel ryp word. Want die hulp van JaHshua Messias bestaan nie net in die versterking van wil nie, **maar ook in die skep van geleenthede om naasteliefde te beoefen**.

Maar My teenstander weet hoe om elkeen so te kry, sodat hulle hul werksaamheid in liefde beperk. Hy weet hoe om die harte van sy aanhangers so te verhard, dat hulle ook hul medemens ’n werksaamheid in liefde sal verbied. **En hierdie aanhangers is ware knegte van die satan.**

Want hulle gryp beslissend in die geestelike ontwikkeling in.

Maar hulle bereik nie hul doel nie, want waar die werksaamheid in liefde verbied word, daar beoordeel Ek die wil en laat dit vir hom ewe veel tel as ’n volbragte daad. En dan is dit klaarspeel met My teenstander, wie My Goddelike gebooie van die liefde buite werking wil stel, waar die wil nog so swak is dat geen innerlike weerstand gebied kan word nie. Maar Ek beoordeel die hart van die mens nie volgens die uiterlike sigbare daad nie. Maar van hierdie daad verskoon Ek ook geen mens by wie die verwesenliking daarvan moontlik is nie.

En so het julle opnuut 'n verklaring, dat en waarom Ek werke van liefde van julle vra; dat en waarom die ernstige wil om te help dieselfde waardering kry, waar die werk noodgedwonge agterweë moet bly. **Maar Ek stel My nie tevrede met slegs die wil, waarby geen werksaamheid is nie, maar die nodige erns laat ontbreek.**

Maar solank julle nog nie die weg na JaHshua Messias geneem het nie, sal julle wil nog erg verswak wees. En daarom sal julle 'n beroep moet doen op die genade van die verlossingswerk om hierdie swak wil te bowe te kom. Maar dan sal julle met groot ywer julle doel nastreef, om te doen wat My wil is: **Om op te gaan in Liefde tot My en tot julle medemens om daardeur die hemelryk te verwerf.** Amein.